

**17 Junie**

**Skrifgedeelte: Handeling 21:37-22:21**

### **Wat moet ek doen, Here?**

Paulus verdedig hom teenoor die beskuldiging van die Jode in Jerusalem dat hy die Wet verwerp en die tempel ontheilig. Lukas, die skrywer, sorg dat ons saam kan luister. Meesterlik betoog Paulus dat hy nie as vyand nie, maar as vriend van Israel die evangelie verkondig aan die nasies. Hiertoë is hy geroep nie deur 'n menslike outoriteit nie, maar deur 'n roepstem van bo, deur God. Sy verdediging neem die vorm aan van 'n getuienis vir Christus en die sending onder die heidene.

Allereers toon hy aan dat hulle klag belaglik is dat hy die Joodse volk, wette en tempel sou aftakel. Sy verlede en dat hy juis met 'n reinigingshandeling in die tempel besig was toe hulle hom gegryp het, loënstraf alle beskuldigings. Die res van sy rede word 'n kragtige getuienis vir Christus – hoe Hy Paulus moes oortuig om sy Woord aan heidene te gaan verkondig. Ten diepste is dit die saak wat aan die Jode knaag, naamlik dat Paulus die geloof in die lewende God vir die heidene oopgooi sonder om hulle aan die wet van Moses te onderwerp. Paulus beantwoord hierdie beswaar deur op die besondere manier te wys waarop die Here hom van sy lewenstaak oortuig het. God het hom letterlik gearresteer en in diens geneem. Hier pas net een vraag: “Wat moet ek doen, Here?” Sy werk onder die heidene is nie sy eie keuse nie. Omdat hy geroep is, moet hy dit doen; hy kan nie anders nie (1 Kor 9:16-17). In elk geval, die liefde van Christus dring hom (2 Kor 5:14). Sendingwerk in die wêreld kom nie uit die hart van die mens op nie. Dit is God se Raad wat só ontvou. Sending is daarom nie 'n opsionele saak nie. Wee die kerk wat aan dié bevel ongehoorsaam is! Om saam te werk aan die uitdra van die evangelie is ook vir ons 'n voorreg en 'n seën. Hoe dikwels beroof ons ons nie van hierdie seën nie! Dan is ons lewe na binne gerig. Vir gelowiges is dit 'n lelike ding, want dit beteken dat ons net vir onself lewe. Die liefde van Christus werk niks in ons lewe nie! Kan dit wees?

Sing: Psalm 66:2

Prof F Denkema (Potchefstroom)